

LAAT JOU INENT
KOM ONS DOEN DIT

## Wat jy moet weet:

1. Dit is jou keuse of jy ingeënt wil word.
2. Covid-19-entstowwe is deeglik getoets – internasionaal en plaaslik – om te bewys dat dit veilig en doeltreffend is.
3. Entstowwe bied uitstekende beskerming teen ernstige Covid-19. Dit bied bykans 100%-beskerming teen Covid-19-verwante sterftes.
4. Die entstof veroorsaak nie Covid-19 nie.
5. Matige newe-effekte soos koors, naarheid en lyfseer is normaal. Hierdie newe-effekte gaan vinnig verby en is 'n goeie teken dat jou liggaam besig is om weerstand op te bou.
6. Die entstof is gratis vir almal wat registreer en dit word by entstofpersele toegedien. Om ingeënt te word, moet jy eers registreer.

Die USSD *134*832# is **GRATIS** vir alle Suid-Afrikaanse Netwerke.

## Hoe om vir die entstof te registreer:

1. Besoek westerncape.gov.za en klik op die skakel om te registreer.
2. Voer jou basiese besonderhede, soos jou ID- of paspoortnommer, in.
3. Voorsien 'n selfoonnommer waarna bevestiging van jou registrasie en toekomstige besprekings-besonderhede ge-SMS kan word.
4. Dui aan waar en wanneer jy ingeënt wil word.
5. Voorsien jou mediesefonds-besonderhede, indien jy een het – dit maak nie saak as jy nie een het nie.
6. Maak seker dat al jou besonderhede korrek is en dien in. Die stelsel sal vir jou 'n SMS stuur om jou registrasie te bevestig. Wanneer dit jou beurt is, sal jy 'n tweede SMS met die tyd en plek van jou afspraak ontvang. Jy sal die SMS en jou identiteitsdokument by die inentingsperseel moet wys.
7. Indien jy 'n dubbeldosis-entstof, soos die Pfizer-entstof, ontvang, sal jy 'n datum vir 'n opvolgafspraak kry.

Wes-Kaapse Regering

Stuur die woord **'REGISTER'** na **060 012 3245** op WhatsApp of skakel ***134*832#**. Vir hulp om te registreer, skakel **0860 142 142** of besoek **www.westerncape.gov.za**